Wanneer God ingryp
1 Sam 3:1-10

Agtergrond:
Die boek 1 Samuel handel oor die voorbereiding en die begin van die koningskap in Israel en eindig met die dood van Saul, die eerste koning. Dit bestaan uit drie versamelings van verhale waarvan die eerste handel oor Samuel en die ark (1:1–7:17).

Die boek begin met drie verhale wat die rigting van die boek aandui: Die geboorte en toewyding van Samuel (1 Sam 1:1-28), die agteruitgang van die huis van Eli (2:11-36) en Samuel se profetiese roeping (3:1-4:1). Hierdie verhale dui daarop dat die profeet Samuel 'n belangrike rol in die nuwe era van Israel se geskiedenis sal vertolk. Die lied van Hanna is 'n poëtiese danklied wat deel is van hierdie verhale. Dit vertel van God se voortgaande werking in die veranderende omstandighede van Israel.

Skriflesing
NAV: Die seun Samuel het die Here gedien onder toesig van Eli. Die woord van die Here is in daardie tyd min gehoor, daar was nie dikwels openbarings nie. [2]Eli se oë het al swak begin word, hy kon nie meer goed sien nie. Vroeg een môre het Eli nog op sy slaapplek gelê, [3]en die lamp van God het nog helder gebrand. Samuel het ook nog gelê in die tempel van die Here waar die ark van God was, [4]en toe roep die Here na Samuel. Samuel het geantwoord: "Ek kom!" [5]Hy het na Eli toe gehardloop en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep." Maar Eli sê: "Ek het nie geroep nie! Gaan lê maar weer." En Samuel het gaan lê. [6]Die Here het weer na Samuel geroep, en hy het opgestaan, na Eli toe gegaan en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep." Toe sê Eli: "My seun, ek het nie geroep nie! Gaan lê maar weer." [7]Maar Samuel het nog nie die Here geken nie, want die woord van die Here was nog nie voorheen aan hom geopenbaar nie. [8]Die Here het Samuel toe 'n derde keer geroep, en hy het opgestaan en na Eli toe gegaan en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep." Toe besef Eli dat die Here die seun geroep het, [9]en Eli sê vir Samuel: "Gaan lê en as iemand jou weer roep, sê jy: Praat, Here, u dienaar luister!" Samuel het toe gegaan en op sy slaapplek gaan lê. [10]Die Here het gekom en gaan staan en soos die vorige kere geroep: "Samuel, Samuel!" En Samuel sê: "Praat, Here, u dienaar luister!"

Preek

Die gelese gedeelte begin met 'n aangrypende opmerking wat 'n mens aan die dink sit: "Die woord van die Here is in daardie tyd min gehoor, daar was nie dikwels openbarings nie". Die Nuwe Afrikaanse Vertaling lui: "In daardie tyd was boodskappe van die Here baie skaars en visioene was seldsaam". Die Boodskap vertaal dit baie kras: "Die woord van die Here was skaars in dié tyd. Die Here het met niemand gepraat nie".

Die vrae wat onmiddellik by my opkom, is: Wat het daartoe aanleiding gegee? Hoe gebeur so iets? Die opmerking in die teks sluit baie nou aan by dit wat ons verlede week ook vir mekaar gesê het, dat om verskeie redes, die stem van die Here, ook in dié dae, net nie meer gehoor word nie. Of altans so lyk dit.

Wanneer hier van die Woord van die Here gepraat word, dan moet ons ook verstaan dat die Hebreeuse woord "*dabar*" wat hier met "woord" vertaal word, 'n omvangryke betekenis het. Die Woord van die Here dui nie net op die oordra van God se doel en God se wil vir die wêreld nie, maar ook sy handeling in hierdie wêreld, sy teenwoordigheid in hierdie wêreld. Dit gaan nie net daaroor om te verstaan wat die Here bedoel of wil sê nie, maar om te leef met die wete dat God handelend besig is. Dit is om met

‘n ingesteldheid van afhanklikheid en verwagting voor God te leef. Dit is een ding om te sê jy glo in God; dit is iets anders om werklik te besef en te erken dat jy afhanklik is van die Here. In Hebr 11:6 kry ons hierdie wonderlike belofte: “Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy die wat Hom soek, beloon.”

Met die lees van 1 Samuel ontdek jy ‘n soort Godsverduistering. Die mense weet van God, hulle weet van God se teenwoordigheid, maar dié wete maak net geen verskil aan hulle lewe nie. God word nie meer in ag geneem in hulle daaglikse lewe nie. ‘n Mens sien dit in die lewe van Eli en sy seuns wat die leidinggewende figure op geestelike gebied was. ‘n Baie veelseggende uitspraak om die omvang en impak van die gedrag van Eli se seuns op die aanbidding van die Here aan te dui, hoor ‘n mens in 2:17: “Hierdie sonde van Eli se seuns was baie groot in die oë van die Here, want daardeur het die mense hulle agting vir die offer van die Here verloor”. Dit is asof God ook in ‘n tyd soos hierdie ‘n doelbewuste keuse maak om te swyg, omdat mense wel van Hom weet, maar dit nie in ag neem tov hul lewe nie.

‘n Verdere teken van die totale Godsverduistering is die opmerking wat die skrywer hier oor Samuel in vs 7 maak: [7]”Maar Samuel het nog nie die Here geken nie, want die woord van die Here was nog nie voorheen aan hom geopenbaar nie.” Dit is nogal ‘n hartseer stukkie inligting: Samuel werk as jong seun in die tempel – dié plek wat juis as simbool daar staan van God se teenwoordigheid; die plek waarheen mense kom om God te ontmoet – maar Samuel self ken nie die Here nie, die woord is nog nie aan hom geopenbaar nie. Die ironiese is dat Hanna, sy moeder, hom juis as jong seun na die tempel bring met die woorde aan Eli: “Ekskuus, Meneer, u sal my nie glo nie, maar, Meneer, ék is die vrou wat hier by u gestaan het om tot die Here te bid. [27]Om hierdie seun het ek gebid, en die Here het aan my gegee wat ek van Hom afgesmeek het. [28]Ja, van die Here het ek hierdie kind afgesmeek, en nou sal hy sy lewe lank iemand wees wat van die Here afgesmeek is.” Samuel kan dus beskryf word as iemand “vir wie gevra is/wat geleen is” en iemand wat toegewy is. Die tragiese is dat hierdie seun in ‘n omgewing geplaas word, waar daar ‘n totale Godsverduistering heers – binne die tempel.

‘n Mens sou nogal lank oor hierdie Godsverduistering kon wonder. Soms kry ek net die gevoel dat onsself in ‘n tyd van Godsverduistering leef. Ek kry net soms die idee dat baie mense wel glo in die bestaan van God en die teenwoordigheid van God, maar dat Hy terselfdertyd geen rol meer speel in hul besluitneming en manier van lewe nie. Hy is daar, maar Hy is ook nie daar nie. Sommige verkies om eintlik van Hom te vergeet en daarom ook niks van Hom te hoor nie. Die hartseer is dat so ‘n Godsverduistering ook in die kerk kan heers, soos in die tyd van Samuel – eredienste word gehou, die Bybelstudies en omgeegroepe goed bygewoon, ons doen ‘n klomp goed vir die Here – maar as dit kom by ons lewe, is dit asof God eintlik nie meer ter sake is nie. Ons neem besluite wat bepaal word deur ons eie persoonlike, soms uiters selfsugtige, behoeftes. Ons verdraai bepaalde Bybelse beginsels en waardes om ons gedrag of ons saak te regverdig.

Die wonderlike nuus is – die evangelie van die gedeelte is: God gryp in!! Dit is belangrik om raak te sien dat God soms stilswyend sake binne die aanbiddingsgemeenskap hulle verloop laat neem en oënskynlik bereid is om veel van die dinge wat skeefloop en wat die mense doen, te verdra. In hierdie verhaal van Samuel sien ons hoe dinge voor die oë en in die teenwoordigheid van God self ontwikkel en versleg. Al die negatiewe dinge gebeur en word deur die priestershuis gepraktiseer terwyl God steeds in die tempel in Silo aanbid is. In dieselfde tyd, kom Hanna, Samuel se moeder, bid en God verhoor haar gebed. Terwyl dinge soms sleg gaan en mense dit vir mekaar en vir ander in en om die aanbiddingsruimtes van die Here uiters sleg maak, is God nie afwesig of onkundig daaroor nie. Hy neem waar en stel belang en gee om, omdat Hy die uitwerking daarvan besef. Die verdraagsaamheid van die Here bereik egter ‘n keerpunt. God gryp in!! Op ‘n menslik onbepaalbare, maar tog duidelike

waarneembare punt sien God net nie meer kans om die toedrag van sake te aanvaar nie. Dit is genoeg en daar word ‘n streep getrek. I Sam 3 gaan eintlik nie oor Samuel nie, maar oor God – God wat ‘n streep trek. God wat ingryp. God slaap nie. Eli se traagheid as vader om sy seuns te dissiplineer en die seuns se roekelose onverskilligheid en arrogansie in hul priesterlike funksies, bereik ‘n punt waar God ‘n streep trek en drasties ingryp. Tot hiertoe en nie verder nie. Die tyd breek aan dat die uitspraak van God in 1 Sam 2:30 waar word: “ . . . die een wat My eer, sal ek eer, en die een wat My minag, sal Ek minag.”

Persoonlik is dit een van die wonderlikste troosboodskappe van God: God se ingrype! Soms staan jy net magteloos oor wat mense aan mekaar doen; oor hoe mense teenoor God optree en minag; oor die arrogansie, selfsug en magsbeheptheid van mense – maar terselfdertyd kan jy ook weet: Dit beteken nie noodwendig dat dit God se goedkeuring wegdra nie; dat God niks hieraan gaan doen nie – daar kom ’n bepaalde punt waar God ingryp. Ek kan nogal aan ’n paar oomblikke dink waar ek net weet: Hier het God ingegryp!! As dit nie vir God se ingrype was nie sou dinge darem totaal anders verloop het.

Dit beteken natuurlik nie dat ek nou maar met handjies gevou moet sit en wag totdat God eendag gaan ingryp nie. Nee, God roep my om in hierdie gebroke wêreld te doen wat ek moet doen. My optrede en gehoorsaamheid aan God is deel van God se ingrype in hierdie wêreld. Daar kom mos sulke oomblikke van geloofsonderskeiding waartydens jy net weet: Op die oomblik vra God dit van my! Bill Hybels praat van die oomblik as ‘n “holy discontent” – ’n heilige ongemak wat die Here oor jou bring. Ek kan nie anders nie. Ek weet net: Hier vra God nou van my om in totale gehoorsaamheid te doen wat Hy van my vra. In tye van Godsverduistering kan sulke oomblikke baie maklik gemis word. God moes 3x vir Samuel roep voordat hy geantwoord het: “Praat, Here, u dienaar luister!”

Dit word vir my so aangrypend geïllustreer in hierdie verhaal van Samuel. Toe God besluit om in te gryp, gryp Hy op ’n verrassende wyse in deur dit aan ’n jeugdige toe te vertrou. In plaas van direk met Eli in gesprek te gaan en sy boodskap persoonlik aan hom mee te deel, doen die Here die verstommende ding deur die jeugdige terreinopsigter en tempelleerjonge as boodskapper aan te stel. Wanneer die Here sy persoonlike ingrype in die onaanvaarbare verloop van Israel se lewe, aanbidding en leierskap wil aankondig en dit eintlik in effek daarmee wil laat begin, verkies Hy om die kleinste, minste en geringste in die omgewing as hoofagent te gebruik. God laat sy Woord oordra deur die “leerlingkoster” en die inhoud daarvan sou die ore van die priesterhoof laat tuit. Hierdie skynbare waagmoed van die Here om die jeugdige Samuel te gebruik, het niks te doen met enige spesiale meriete, potensiaal of vermoë aan Samuel se kant nie. Samuel se banghartige reaksie is immers ’n genoegsame aanduiding van sy gebrek daaraan. Dit gaan hier oor God wat ingryp, nuut begin. En vir die nuwe begin gebruik Hy nie die voorste kandidate nie, maar juis die geringstes.

Dit laat my so dink aan die woorde van Paulus in 1 Kor 1: “[26]Dink maar net aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie. [27]En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam, [28]en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, ja, wat niks is nie, het God uitgekies om wat iets is, tot niet te maak. [29]Voor God het geen mens dus iets om op te roem nie.” Dit verbaas my altyd om te sien wie God in bepaalde omstandighede gebruik om ’n verskil te maak. Ek lees juis in die week ’n storie van Floyd McClung waarin hy vertel van ‘n 8-jarige seun wat in Port Elizabeth met ’n huiskerk begin het. Die begin van die huiskerk was ’n gesprek wat die 8-jarige seuntjie met sy maatjie in die motor oor die Here begin het. Die maatjie se ma het met die 8-jarige seuntjie se ma daaroor gepraat en dit was die begin van ’n huiskerk met 30 aktiewe lede – mense wat vroeër nie kerklik meegeleef het nie.

Wat my ook tref in die gedeelte is die kragtige en treffende werking van God se Woord. Dit is deur middel van sy Woord dat die Here weer sy eer herstel. Wanneer sy Woord duidelik en suiwer gehoor word, sal dit opnuut, in watter verwilderde omstandighede ook al, die besef laat posvat dat Hy die Here is. Die Here, die God van Israel, is die God van die Woord. Hy verkies om Hom in en deur sy Woord te openbaar. Daarom begin Johannes se evangelie ook so: "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. [2]Hy was reeds in die begin by God. [3]Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. [4]In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. [5]Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie. [14]Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid." Hoor net hoe eindig 1 Sam 3: "[19]Samuel het grootgeword. Die Here was by hom en het nie een van Samuel se woorde onvervul gelaat nie. [20]Die hele Israel van noord tot suid het gemerk dat Samuel betroubaar was as profeet van die Here. [21]Die Here het toe weer in Silo verskyn, want Hy het Hom in Silo aan Samuel geopenbaar deur die woord van die Here".

Samuel het nogal gesukkel om God se stem te herken. So sukkel baie van ons ook om God se stem te hoor. Dit laat my dink aan die kind wat tydens 'n kinderdiens vir die dominee gevra het: "Hoe klink God se stem?" Nogal 'n moeilik vraag om te antwoord. Het jy ookal daaroor gewonder?

Soms hoor ek God se stem wanneer ek besig is met sy Woord; soms hoor ek dit baie spesifiek wanneer ek tussen ander gelowiges is; ek hoor ook God se stem wanneer ek besig is om in gehoorsaamheid te dien; Ek hoor God se stem in die stem van ander wat werklik omgee, liefhet en betrokke raak. Soms hoor ek God se stem in die noodkreet van iemand wat uitroep: Ek kan nie meer nie!! Die foto's van huilende kinders wat ly agv hongersnood, oorlog en mishandeling, word ook God se stem. God se stem word op baie maniere gehoor. Ek hoor God se stem wanneer ek bewus word van onreg wat aan mense gedoen word.

Dit is wonderlik om die jaar in te gaan met die wete: God is handelend besig in hierdie wêreld. God gryp in – Hy gryp soms in deur die mees onwaarskynlikste mense en gebeure. God gryp ook deur jou in.